# VOORBIDDING:

Geroep Gewillig Gestuur



**Wêreld**: Kaap Verde, Gambië, Guinee, Guinee-Bissau en Senegal. Slagoffers van terreur en geweld regoor die wêreld. Die Midde-Oosterse onstabiliteit en oorlog, die uitkringeffek daarvan op die res van die wêreld en die slagoffers weens aanvalle en teenaanvalle. Die beëindiging van die oorlog in Oekraïne en die slagoffers van beide Rusland en Oekraïne. Willem en Alla van der Colff en die werk wat hulle in Oekraïne doen. Ntsiuoa Tsemane en die werk wat sy in Malawi doen. Oplossings, planne en samewerking om aardverwarming se pas te vertraag en moontlik om te keer, asook om plastiekbesoedeling te verminder. Slagoffers van natuurrampe regoor die wêreld.
**RSA & Dorp:** Gesondheids– en Maatskaplike Dienste - hospitale en klinieke, medici, verpleërs en paramedici. Al die uitdagings waarmee ons land sukkel in basiese onderwys sowel as verdere opleiding. Oplossings vir die hoë misdaadsyfers, veral misdade teen onskuldige kinders en kwesbares. Bendegeweld, taxigeweld en slagoffers en gevolge daarvan in gemeenskappe. Hoop vir mense in gemeenskappe wat onder erge droogte gebuk gaan. Oplossings vir ons land se energiekrisis asook water– en sanitasie uitdagings. Politieke stabiliteit in ons land en wysheid en samewerking in die regering van eenheid. Die provinsiale verkiesing in November.
**Gemeente & Kerk:** Lidmate wat treur, siek en verswak is en diegene onder behandeling en aan die herstel. Dankbaarheid vir God se sorg. Gehoorsaamheid aan ons missie: Geroep, Gewillig, Gestuur. 'n Geseënde 3de kwartaal vir huisgesinne. Dankbaar vir 'n geseënde Barmhartigheidsmaand gedurende Augustus. Reëlings wat vlot verloop en entoesiasme vir ons Lentefees in September.
**Baie geluk aan die volgende lidmaat wat vandag verjaar:** Surina Steyn (Sonnedoustraat).




## Ons is 'n groen gemeente wat herwin!

In die vierkant by die houers, waar ons papier en glas herwin vir Huis Horison, is daar houers vir elektroniese en elektriese toerusting, asook vir energiebesparende gloeilampe, batterye en ou selfone. Jy kan selfs drukkers en ander rekenaartoerusting wat stukkend is, of elektroniese speelgoed met batterye in, bring. Dan kan jy ook klere, beddegoed, handdoeke en lappe (in 'n goeie toestand) bring, skoon joghurthouers (en ander skoon kosverpakkings waarin Voedingsaksie kos kan bedien) en ook huishoudelike items in 'n goeie toestand wat op die Wit Olifante Tafel verkoop kan word of aan die ACVV se winkel, *Ampe Veniet*, geskenk kan word. Sporttoerusting en boeke is ook welkom.

**Is jy nuut by ons?** Kom gerus ná die diens na voor waar die predikant jou sal ontmoet en help met nuwe lidmate vorms en 'n "welkompakkie". Kom drink ook saam koffie of tee in die vierkant by ons Koinonia Kafee in die vierkant en neem boeke uit by ons biblioteek - ons sal graag wil kennis maak!

Weekblad van Stellenbosch-Welgelegen Gemeente

# WELWEEK

Christus is die Here!
Daarom wil ons mekaar in verhoudinge opbou
Om so sy groot opdrag uit te leef.

**30 Augustus 2026**
Koninkrykstyd

Jaartema: SORG

| | |
|---|---|
| Erediens & Nagmaal | 09:30 |
| Tema | Gedagtes gerig op wat vir alle mense goed is |
| Skriflesing | Romeine 12:9-21 |
| Prediker | Elzanne van der Westhuizen |
| Familie-Kategese | 10:30 - in die kerksaal (vir gesinne met kinders in Gr R tot 12) |
| Koinonia Kafee | 10:30 - kuier verder saam in die vierkant met tee en koffie |
| Kerkbiblioteek | 10:30 - neem boeke uit by die biblioteek in die vierkant |
| Nagmaal by Bonheur | 18:00 - Pierre Goosen |

## Barmhartigheidsondag vandag




Volgens die *HAT* word barmhartig beskryf as "medelydend met meegevoel, sag en vol meegevoel vir sy medemens". *Supertaal* beskryf barmhartig as 'n "intense gevoel van ontferming of meegevoel teenoor andere; op vergewende wyse begrip toon vir iemand anders se probleem". Sinonieme is deernisvol, goedertierend, liefdevol, medelydend, mensliewend, milddadig, samaritaans, simpatiek, weldadig en welwillend.
**Dankie aan elke gemeentelid wat ons Barmhartigheidsaksie se 31 DAE VAN GEE-projek gedurende Augustus ondersteun het!** Ons het al die houers vir die 9 verskillende organisasies propvol gemaak met nie-bederfbare voedselitems en dit loop oor! Ons sal volgende week terugvoer gee van al die dankbare ontvangers.

KOINONIA Kom drink 'n koppie tee of koffie by ons Koinonia Kafee in die vierkant ná die erediens en kuier nog 'n bietjie saam! Dankie aan die skinkers!

**<u>ONS KANTOORURE is:</u>** Maandae - Vrydae van 08:00 tot 13:00

**PROGRAM VIR DIE VOLGENDE WEEK: Maandag 31/08 tot Sondag 06/09**

| | | |
|---|---|---|
| Di 01/09 | <br>11:00 | **Lentedag**<br>**Stellenbosch Ringsbyeenkoms:** vergader in die leeskamer |
| Wo 02/09 | 09:30 - 10:30 | **Geloofsgroei Byeenkoms (konsistorie):** Almal is welkom! |
| Do 03/09 | 09:00 - 12:00<br>10:00 | **Naaldwerkbediening:** kom werk saam!<br>**Bybelstudie by Bonheur:** Danie Goosen |
| Vr 04/09 | | **US-vakansie begin** |
| So 06/09 | <br>09:30<br>10:30<br>10:30<br>18:00 | **Koninkrykstyd**<br>**Erediens & Kategese:** Christo Klopper<br>**Kategese-samevatting**: in die kerksaal<br>**Koinonia Kafee:** in die vierkant<br>**Tienerbyeenkoms**: ontmoet Elzanne in die leeskamer |

**Die deuroffer vandag gaan aan die Bediening aan Dowes en die Instituut vir Dowes (NID):** Dowes word bedien deur twee gemeentes: De la Batgemeente vir Dowes in Bellville en Die Dowe Familie Kerk (De la Bat) in Worcester. Saam bedien beide gemeentes ongeveer 1 200 dowes woonagtig in die suidwestelike deel van die land. Die gemeentes doen baanbrekerswerk in die ontwikkeling van kategese materiaal vir dowes, ontwikkeling van 'n liturgie vir dowes, "sang" en die aanwending van die nuutste tegnologie vir die bediening aan dowes. NID is in 1881 deur die kerk tot stand gebring om vir dowes taal te gee, sodat hulle ook die boodskap van Jesus Christus kon ontvang. Die visie van NID is die holistiese ontwikkeling van die volle potensiaal van persone met gehoorverlies in Suid-Afrika deur noodsaaklike kwaliteitdienste aan hulle te lewer.

Nasionale Instituut vir Dowes
nid@nid.org.za • Posbus 941, Worcester, 6849
www.nid.org.za • +27 (023) 342 5555

Die deuroffer verlede week aan die Bybelverspreidingsfonds (in aansluiting by Bybelsondag) was R1 770.
***Baie dankie!***

Volgende week se deuroffer gaan aan die Internasionale Studentebediening.

**Betaal met SNAPSCAN**
(onthou om 'n verwysing in te tik.)



# Augustus = Barmhartigheidsmaand

## Ons Barmhartigheidstema fokus op mense met voedselnood.



*Die deuroffers het gedurende Augustus aan die ACVV, Stellenbosch-Welgelegen Noodfonds, Stellenbosch Voedingsaksie, die Bybelverspreidingsfonds en die Bediening aan Dowes en NID gegaan.*

Ons het die hele Augustus nie-bederfbare voedsel en blikkieskos ingesamel en al die houers vir die 9 organisasies lekker vól gemaak! Al die kos sal geskenk word aan Voedingsaksie, ACVV, Nagskuiling, Safehouse, Jeuguitreik, Stellemploy, behoeftige studente aan die US, behoeftige inwoners in Molenhof ouetehuis en die Eikiehartprojek.

**Baie dankie aan almal wat ons 31 dae van gee-projek ondersteun het!**

## Lentefees 2026: nog net 13 slapies tot ons Lentefees!



Ons beplan kliphard aan ons Lentefees. Hopelik het jou dienswerker al 'n nuwe Welgelegener en Lentefees-briefie kom afgee sodat jy kan sien wat alles benodig word - hulp sowel as produkte en skenkings.
Indien jy ENIGE skenkings wil maak en/of hulp wil aanbied, skakel die kerkkantoor (021 886 5975) of die konvenor. Ons benodig gebakte produkte (soet en sout soos beskuit, koekies, terte, pasteie, worsrolletjies, grootkoeke en muffins), ingemaakte produkte, vars vrugte en groente, wyn, vleis, heuning, blomme, olyfolie, kaas, eiers, handwerk, potjiekos (genoeg vir 12 mense), bestanddele soos meel, olie, suiker, eiers, kondensmelk, versiersuiker, maalvleis en Tombola-geskenkies.
Sorteer ook solank kaste en laaie en bring skoon, heel en bruikbare huisware vir die Wit Olifant Tafel. As jy daarvan hou om handwerk in alle vorme te doen en bereid is om van jou handwerkitems vir die Handwerktafel te skenk, sal ons baie dankbaar wees!
Ons is dankbaar vir alle skenkings en hulp! Kom rol moue op en werk saam om die dag heerlik vir oud en jonk te maak! **Dankie aan almal wat al hulp aangebied het en so mildelik gee! Ons sien uit na 'n heerlike dag!**

## Etekaartjies vir ons Lentefees



Etekaartjies teen R120 per persoon is gedurende die week by die kerkkantoor te koop en ook vandag ná die erediens in die vierkant. Jou keuse is potjiekos en rys, braaivleis (2 lamstjoppies, wors en 2 slaaie) of lamsvleis op die spit (met drie bykosse). Kom koop betyds om teleurstelling te voorkom!

## Verblyf gesoek vir 'n teologiese student in 2027

Ons het die moontlike voorreg om weer in die komende jaar 'n teologiese student in ons gemeente te verwelkom en op te lei. Ons vra dat enigiemand wat weet van billik geprysde verblyf vir 'n student in die omgewing van die gemeente vir 2027, asseblief met die kerkkantoor sal kontak maak.

**Bankbesonderhede**
Stellenbosch-Welgelegen NG Kerk (Nedbank)
Takno: 149821/198765 Rekno: 149 8046 320

**NG Gemeente Stellenbosch-Welgelegen**
Telefoon: 021 886 5975
E-pos: skriba@stelwel.co.za




**Datum**: 17 September
**Kostes:** geen
*(sorg net vir jou eie middagete – ons sorg wel vir ietsie kleins vir die pad)*
**Gaste is welkom!**
**Tyd**: Bus vertrek 09:00 vanaf die kerk *(meld 08:30 aan)*
**Terug**: rondom 15:00
**RSVP:** 14 September